Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Janine Ontong**
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Janine.Ontong@westerncape.gov.za | 021 957 9626

Lêerno.: 23/3/4/3
Verwysing: 20250925-7195

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0007/2025

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

**Onderwerp: Viering van Internasionale Skoolbiblioteekmaand (ISBM)**

1. Gedurende Oktober 2025 het skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingdienste as deel van ISBM by skole gevier en bevorder.

2. Ter viering van ISBM 2025 het die Wes-Kaapse Minister van Onderwys besluit om alle skole, opvoeders en leerders van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) te betrek. Leerders sal die geleentheid kry om hul gevoelens oor biblioteke uit te druk en terselfdertyd hulpbronne vir hul skoolbiblioteek te wen.

3. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingdienste, in samewerking met die Kantoor van die Ministerie van Onderwys, sal 10 WKOD-skole die geleentheid bied om skoolbiblioteekhulpbronne ter waarde van R35 000 per skool, te wen. Vanjaar se tema is: ***Verstaan jy die taal van Wiskunde?***

4. Vanjaar kan skole/leerders in twee kategorieë inskryf:
   - **Poësiekategorie (Graad 4 tot 12, spesiale skole ingesluit)**
   - **Plakkaat-/Tekenkategorie (Graad 1 tot 3, spesiale skole ingesluit)**

5. Rigtinggewende vrae om te oorweeg wanneer leerders vir die kompetisie voorberei:

5.1 Poësie (Graad 4 tot 12 en spesiale skole)
   - Hoe kan Wiskunde as 'n taal beskou word?
   - Hoekom is Wiskunde so belangrik?
   - Hoe sal leerderprestasie in alle vakke verbeter as jy skoolbiblioteekhulpbronne vir jou skool wen?

5.2 Plakkaat/Tekening (Graad 1 tot 3 en spesiale skole)

- Wat doen ons met getalle? (vorms, meting, tel)

6. Die prysgeld in hierdie twee kategorieë word soos volg verdeel:

6.1 **Poësiekategorie:**

- **Drie sekondêre/hoërskole** sal elk R35 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Drie primêre skole** sal elk R35 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.

6.2 **Plakkaat-/Tekenkategorie:**

- **Drie primêre skole (Graad 1 tot 3)** sal elk R35 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Een spesiale skool** sal R35 000 vir ŉ weninskrywing ontvang vir ŉ plakkaat/tekening of 'n gedig.

7. Opvoeders moet die gedigte en plakkate/tekeninge insamel en die inskrywings per skool per e-pos aan Alison.Mentor@westerncape.gov.za stuur.

8. Die kompetisie sluit om **17:00** op **Vrydag, 12 Desember 2025** en die wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.

9. Die wenners sal bekendgemaak word en die prysuitdeling sal plaasvind op ŉ datum wat deur die WKOD bepaal sal word.

10. Navrae oor die kompetisie asook die bepalings en voorwaardes kan gerig word aan Janine Ontong by Janine.Ontong@westerncape.gov.za.

11. Die volgende distriksamptenare van die WKOD kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:

Tirzah Arendse – Skoolbiblioteekdiensbeampte
Eden en Sentraal-Karoo: tel. 044 803 8377

Vernon Koen – Skoolbiblioteekdiensbeampte
Metro-Oos: tel. 021 900 7049

Sinethemba Mdunyelwa – Skoolbiblioteekdiensbeampte
Weskus: tel. 021 860 1200

12. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van al die betrokkenes te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-10-30